

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
27 Augustus 1978

Onderwerp: God se Woord werk

Lees: 1 Thessalonicense 2 verse 1 tot 16

Teks: 1 Thessalonicense 2 vers 13

Sing: Psalm 146 verse 1 en 8
Psalm 119 verse 1 en 39

“Gemeente, die groot beslissende strydvraag van die Kerk gaan oor die prediking. Is die prediking wat van die kansel kom die Woord van God, óf is dit die woord van mense?

“Hierdie punt was deur die eeue heen die grootste oorsaak van spanning in die Kerk. Ook in Thessalonika is daar in die eerste eeu na Christus gevra: Is die Evangelie wat Paulus verkondig die Woord van God, óf die woord van mense?

“Dit is vandag nog ’n geskilpunt in die Kerk. Luister die gemeente elke Sondag na die Heilige Gees, óf is dit die mens wat die toon in die kerk aangee? Het die preekstoel ’n platform van die mens geword? Het ons te doen met ’n Woord wat aangepas is om in die smaak te val? Is dit ’n woord wat die gehoor van die mens wil streel? ‘... want daar sal ’n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle ’n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede’.
(2 Tim 4:3)

“Ja, die beslissende vraag waarby die kerk staan of val, het te doen met die prediking: Is dit die Woord van God, óf die woord van mense? Broers en Susters, daarvan hang hierdie gemeente se toekoms af; en ook die toekoms van die kerk oor die ganse aarde.

“‘In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God.’ (Joh 1:1) As God se Woord gepreek word, dan word die Kerk as Kerk geopenbaar op aarde. En juis daarin het die krag van die Kerk in Thessalonika gelê. Juis daarin kon die wêreld weet: Dit was ’n Kerk van Jesus Christus, omdat die prediking daar inderdaad die Woord van God was.

“Broers en Susters, nadat Paulus in Thessalonika die Woord van God verkondig het, het ’n innerlike spanning in hom ontbrand. Hoe het hierdie gemeente sy

boodskap aanvaar? Het hulle dit aangeneem as God se Woord? Boonop was die tydjie wat Paulus onder hulle vertoef het, so kort.

“Maar toe het Timótheüs ’n goeie tyding gebring. Hulle het Paulus se prediking as God se Woord aangeneem. Daarvoor het Paulus God sonder ophou gedank. En Broers en Susters, dit was nie maar net ’n dankbaarheid op daardie oomblik nie. Nee, dit was ’n dankbaarheid wat uiting gevind het in onophoudelike gebed.

“Die feit dat die gemeente dit as die Woord van God aanvaar het, het rus en kalmte in Paulus se gemoed gebring. Want juis oor hierdie saak het hy baie geworstel. Hy is dikwels juis op hierdie punt aangeval: ‘En sommige van die Epikuréiese en die Stoïsynse wysgere het met hom gestry, en sommige het gesê: Wat sou hierdie praatjiesmaker tog wil sê? Ander weer: Dit lyk of hy ’n verkondiger is van vreemde gode - omdat hy aan hulle die evangelie van Jesus en die opstanding verkondig het.’ (Hand 17:18) Paulus se woord was vir baie niks meer nie as net die woorde van nóg ’n filosoof.

“Maar die Kerk van Thessalonika het sy woord aangeneem as die Woord van God. Hulle het in Paulus se boodskap duidelik gehoor: So sê die HERE.

“Maar wat was die toets? Wat was die bewys dat Paulus se prediking die Woord van God was? Wat was die waarborg? Hoe kon hulle dit geweet het?

“Dit word vir ons duidelik gesê in die laaste woorde van ons teksgedeelte: Dit is ‘die woord van God wat ook werk in julle wat glo.’ (1 Thes 2:13) Uit die oorspronklike Griekse taal verstaan ons dat dit ’n woord vol ‘energie’ is. Dit het krag. Dit het vuur. Ja, die Woord van God werk. Dit doen iets. Dit val nie plat nie. Dit keer nie ledig terug nie. Inderdaad die Evangelie is ’n krag tot redding: ‘Want ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is ’n krag van God tot redding vir elkeen wat glo’. (Rom 1:16)

“As God se Woord gepreek word, gebeur daar iets! In teenstelling hiermee is die mens se woord kragteloos. Dit is leeg, ydel, doods, sonder krag en sonder energie.

“Broers en Susters, ken julle die Woord van God as ’n Woord wat werk? Het julle dit al in die Bybel nagegaan? Begin maar by die eerste bladsy: ‘En God het gesê: Laat daar lig wees!’ En wat het gebeur? ‘En daar was lig.’ (Gen 1:3) En so het God elke keer sy

Woord uitgespreek en die diere, plante, hemel en die mens geskep.

“God se Woord werk. En só is dit deur die hele Skrif. God se Woord wat Hy deur die profete verkondig het, word vervul: ‘Want soos die reën en die sneeu van die hemel neerdaal en daarheen nie terugkeer nie, maar die aarde deurvogtig en maak dat dit voortbring en uitspruit en saad gee aan die saaiër en brood aan die eter; so sal my woord wees wat uit my mond uitgaan; dit sal nie leeg na My terugkeer nie, maar doen wat My behaag en voorspoedig wees in alles waartoe Ek dit stuur.’ (Jes 55:10,11)

“Broers en Susters, ons hoor God se Woord en kan self die werking daarvan sien. God se Woord is in Jesus Christus in sy allerduidelikste krag en werking geopenbaar. Ons sien dat die Seun van God vlees geword het. Ons sien Jesus Christus wat onder ons kom woon het. Ons sien hoe Hy God se Woord volbring het in ’n magtige daad. Hoe Hy die lydenspad aanvaar en gesterf het. En bokant die aardse moeras van sonde sien ons die grootste bewys van die Woord se werk: die kruis op Golgota.

“Wat ’n ewige daad! Wat ’n ewige werk! Ons moet nie ompaai om die kruis loop nie. Dit is alleen Jesus Christus wat red.

“Verlossing is bewerk. Versoening is gedoen. Dit was geen lippetaal nie. Dit was nie leë skynheilige en ydele woorde van mense nie. Jesus Christus die gekruisigde was God se Woord wat werk. Hoor julle dit goed, Broers en Susters? Is dit vir julle duidelik?

“God se Woord werk. Daarom kon die Kerk van die eerste eeue die wêreld stormloop en oorwinnings behaal oor die sterkste vestings en bolwerke van die Satan. Manne en vroue wat deur die geloof in Christus Jesus geleef het, het sonder swaarde en dolke maar met die Woord van God, die swaard van die Gees, ingedring tot in die paleise van konings: ‘En neem ... die swaard van die Gees - dit is die woord van God’. (Ef 6:17) Met die ewige Woord het hulle tronkdeure laat oopgaan. Met hierdie Woord op hulle lippe kon hulle ’n martelaarsdood sterwe. O, wat ’n krag is daar in die werkende Woord van God!

“Broers en Susters, waar pas ons in? As ons maar in hierdie tyd weer iets kan gryp en verstaan van die heerlikheid en wonderlikheid van God se Woord wat werk. Dan sal daar vir die Kerk en volk weer ’n daeraad wees. Maar ag, ons tas só in die duister rond. Die kerk is vandag so paniekbevange in sy halfhartige pogings.

Almal sien hoe die donker wolke toesak. Die probleme is legio. Daar is 'n geestelike insinking soos nooit tevore nie. Kerke loop leeg. En die kerk en sy leiers is lam van magteloosheid. Die kerk in ons tyd word méér en méér geïorganiseer, maar sonder effek. Die kruis word in ons geliefde Vaderland al meer deur die wêreld verdonker. Die Antichris word al hoe sterker. En nou gryp die kerk in paniek na allerhande middels: konferensies, lesings en referate. Sommige reël opwekkingsdienste. Ander soek hulp by spesiale predikers. Ten spyte van al die organisering en gewerskaf, bly die kerk 'n siek pasiënt.

“Wil u weet waarom? Omdat inspuitings en aarvoedings toegedien word, in stede dat ware spysie en regte voedsel bedien word. Dit is omdat God se Woord wat werk, by ons ontbreek!

“Leraar, ons moet weer terugkeer na die Woord van God. Daar moet geen plek wees vir die mens se woord op ons kansels nie. God eis 'n radikale verandering. 'n Gemeente kan nie gebou word op sedepreke met allerhande humanistiese en teologiese wysshede nie. En dan verbaas ons onself as ons sien hoe gemeentes voor ons oë geestelik doodgaan. Getalle brei wel uit en daar is 'n gedaante van godsaligheid, maar die doodsheid word al hoe erger.

“Broers en Susters, stem julle saam dat daar 'n gebrek is aan die werkende Woord van God? Ons lyk al meer na die pynlike beeld van Israel se kerk met sogenaamde Owerpriesters, Skrifgeleerdes en Fariseërs. Godsdien het 'n koue dogma met niksseggende frases geword. Die lewende Woord is uitgeskuif.

“Broers en Susters, daarom moet daar weer vandag tempels gereinig word. Hervorming is nodig. God se Woord moet weer die middelpunt wees. Daar moet ten alle tye gesê kan word: So spreek die HERE.

“Wanneer die predikant weer dae lank in God se Woord worstel voordat hy Sondag die kansel bestyg, sal ons weer sien dat God nooit laat vaar die werk van sy hande nie, maar trou bly. Dan sal predikante weer waarlik predikers en profete wees. Dan sal die ouderlinge wagtters wees en die diakens priesters wat die altaar bedien. Broers en Susters, dan sal die amp van die gelowige weer tot sy reg kom: profeet, priester en koning. Dan sal die Woord werklik na alle kante toe werk. Want sien, die Woord van God het 'n tweërlei waarheid. Dit maak lewendig en dit maak dood. Dit wil sê, elke keer as die Evangelie na jou en my kom, is ons 'n stap nader aan die ewige lewe; óf 'n stap nader aan

die hel. Ons kom nooit uit die Kerk uit soos ons daar ingegaan het nie.

“In Thessalonika het God se Woord gewerk tot die lewe. Dit was ’n heiligmakende Woord. Paulus het gesê dat hulle navolgers van God geword het. Die Woord het by hierdie mense resultate gelewer.

“Broer en Suster, sien jy ook God se Woord wat in jou werk? Bring dit ’n omkeer in jou lewe? Sien jy die vlamme van God se Gees in jou lewe brand?

“Dit is God se Woord wat vandag na jou kom. Ons verkondig Christus Jesus, die Gekruisigde. Sonder hierdie Woord kan jy nie lewe nie. Hierdie Evangelie kan nie anders as om ’n geweldige effek op jou te hê nie.

“Dit ontmasker ons as ellendige sondaars. Maar hoe heerlik is dit, Broers en Susters. Dit vertel ons ook van God se genade: ‘Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele’. (Matt 11:28,29)

“Die Woord van God lê beslag op elkeen se lewe. Dit lê op ons ’n besliste eis: ‘Hoe lank hink julle op twee gedagtes? As die HERE God is, volg Hom na; en as Baal dit is, volg hom na!’ (1 Kon 18:21)

“Broer en Suster, wil jy ook die vrugte van die Woord in jou lewe sien? Wil jy weet hoe?

“Ek sal jou sê hoe om dit nie te doen nie. Dit kom nie uit jouself nie. Dit kom ook nie uit jou mooi Nuwejaarsvoornemens nie. Eie krag is tevergeefs. Paulus het die geheim ontdek: ‘En julle het navolgers ... geword ... van die Here deurdát julle die woord ... ontvang het met die blydschap van die Heilige Gees ... Want van julle uit het die woord van die Here weerklink’. (1 Thes 1:6,8) Hulle het die HERE gevolg na aanleiding van sy Woord.

“Kyk na twee voorbeelde. Jesus het gesê: ‘As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis elke dag opneem en My volg.’ (Luk 9:23)

“Hoe sal dit jou lewe verander, as jy dit ter harte neem?

“Besef ons die erns van sonde? Jesus Christus het gewaarsku: ‘En as jou hand of jou voet jou laat struikel, kap dit af en gooi dit weg van jou af; dit is vir jou beter om in die lewe in te gaan, kreupel of vermink, as om twee hande of voete te hê en in die ewige vuur gewerp te word. En as jou oog jou laat struikel, ruk dit uit en werp dit weg van jou af. Dit is vir jou beter om met een

oog in die lewe in te gaan, as om twee oë te hê en in die helse vuur gewerp te word.’ (Matt 18:8,9)

“Watter uitwerking sal dit op jou hê, as jy hierop ag slaan?

“Geliefdes, laat ons vanmôre na hierdie preek op ons knieë gaan en God dank vir sy Woord.

“Amen.”

Kommentaar:

Voordat jy die Bybel bestudeer, moet jy seker maak dat dit die ware Bybel is.

Die Tradisionele Nuwe Testament, wat vir ongeveer twee duisend jaar as Nuwe Testament aanvaar is, is nou vervang met ’n nuwe Nuwe Testament wat in 1881 as die *British Revised Version* gepubliseer is. Dit is gebaseer op twee Rooms-Katolieke manuskripte, die *Codex Vaticanus* en die *Codex Sinaiticus*, wat deur twee Anglikaanse *Biblescholars*, Brooke Foss Westcott (1825 - 1901) en Fenton John Anthony Hort (1828 - 1892) saamgevoeg is. Dit is aangevoer deur die Rooms-Katolieke Kerk en deur die Anglikaanse Kerk geloods, met die doel om Protestante onder beheer van die Rooms-Katolieke Kerk te bring.

Waar Rooms-Katolieke in die verlede verbied is om Bybels te besit, het Rooms-Katolieke en Protestante nou dieselfde Bybels.

Bybels wat die oorspronklike ware Nuwe Testament bevat, is onder andere die *Ou Vertaling van die Bybel in Afrikaans*, *New King James* en *King James* vertalings, die *Hollandse Statebybel*, die Duitse *Froschauer Bibel* en die *Martin Luther Bibel*.

Bybels wat die nuwe Roomse Nuwe Testament bevat, is die *Nuwe Afrikaanse Vertaling van die Bybel*, *Nuwe Lewende Vertaling in Afrikaans*, *New International Version*, *New Living Translation*, *Revised Standard Version* en feitlik alle ander nuwe vertalings van die Bybel.

Vergelyk self die ware Tradisionele Nuwe Testament met die Roomse Nuwe Testament. Neem 'n ware Bybel wat die Tradisionele Nuwe Testament bevat, soos byvoorbeeld die *Ou Vertaling in Afrikaans*, of 'n *New King James Version* en vergelyk dit met:

'n Roomse Bybel wat die saamgestelde *Codex Vaticanus/Codex Sinaiticus* as Nuwe Testament bevat, soos die *Nuwe Afrikaanse Vertaling van die Bybel*, of *Nuwe Lewende Vertaling in Afrikaans*, of 'n *New International Version*, of *Revised Standard Version*. Vergelyk die volgende verse:

Matthéüs 18 vers 11

Markus 11 vers 26

Markus 15 vers 28

Lukas 4 vers 4

Lukas 9 verse 55, 56

Westcott en Hort was verder aktiewe *New Agers*, wat Gnostiese afwykings in die *Codex Vaticanus* en *Codex Sinaiticus* in die nuwe Nuwe Testament geïnkorporeer het. Meer inligting hieroor verskyn in die dokument *Data* op die webblad *Strukture vir Bybelvertalings geïnfiltreer* op hierdie webwerf.